


VIR LEDIGE



VLINDERMAT

VLINDERMAT

BENODIGDHEDE: Ongeveer 120 g Coats Chain-Mercer Crochet Cotton Nr. 30; hekelpen van 1,00 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; ls(e) - lus(lusse); lb - langbeen, dsl - dubbelslagsteek; pof-st - pofsteek (= * garing rondom hekelpen en steek in 'n steek, trek 'n lus op wat so lank soos 'n langbeen is, herhaal nog 3 keer vanaf * in dieselfde steek, garing rondom hekelpen en trek deur al die lusse, hekel 'n stewige gs bo-op om dit goed vas te trek); herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; sp(s) - spatie (spasies); vlg - volgende.

L.W.: 3 ks aan beg van 'n ry of rondte vervang 1 lb, en 4 ks 'n dsl.

FILETWERK: Daar word in rye geheel. Raadpleeg diagram en gaan s6 te werk:

Vir 'n spatie hekel 2 ks, slaan 2 ste in vorige ry oor, 1 lb in vlg st.

Vir 'n blokkie hekel 3 lb, eindig elke ry met 3 draai-ks, dit is teweens die eerste lb van vlg ry.

Wanneer 'n sp aan beg van 'n ry vermeer word, hekel 3 ks aan einde van die voorafgaande ry, voor die werk omgedraai word.

Wanneer 'n sp aan die einde van 'n ry vermeer moet word, hekel 2 ks en 'n driesl in die laaste st van voorafgaande ry.

AANWYSINGS: Hekel 6 eenderse segmente, begin elke segment met 18 ks. Raad-

pleeg diagram vir patroon.

Wanneer al die segmente voltooi is, moet die middelste blom en die stroke tussen die segmente gehekel word. Hekel die verlangde aantal motiewe van elke soort soos volg.

MIDDELSTE BLOM: 12 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24 kb in ring.

2e rondte: 2 ks, 1 pof-st en 1 ks, slaan 1 st oor, herh van * 12 keer, eindig met gs in bopunt van eerste pof-st.

3e rondte: (3-dsl-tr in vlg sp, 4 ks) herh rondom, eindig met gs in bopunt van eerste 3-dsl-tr.

4e rondte: (1 kb, 3 lb, 1 kb) in elke sp.

Knip garing af en heg af.

KLEIN HALWE BLOMME (rondom middelste blom): 6 ks, sluit met gs; gs daarna tussen 2 blomblare van middelste blom — dit is 'n vashegtingspunt — gs terug in die 6-ks-ls, 4 ks, 1 dsl in ls, (4 ks, 2-dsl-tr in ls) 4 keer, draai. Hekel (1 kb, 3 lb, 1 kb) in elke sp en knip garing af.

GROOT HALWE BLOMME (vir stroke tussen segmente): Hekel 6 ks, sluit met gs om ring te vorm, 9 ks, sluit met gs om ring te vorm, draai werk om en hekel 4 kb, 1 gs, steek pen in tussen 2 middelste blomblare van vorige blom — vashegtingspunt — 4 kb in dieselfde 9-ks-ring, gs in 6-ks-ring.

Hekel in 6-ks-ring; (2 dsl-tr, 4 ks) 6 keer.

Draai werk om en hekel (1 kb, 3 lb, 1 kb) in elke 4-ks-sp.


Knip garing af en heg af.

Hekel nog 4 sulke halwe blomme en hekel elkeen tussen 3e en 4e blomblaar van die voorafgaande blom vas.


Die sesde halwe blom (aan geronde punt van segment) word tussen die 2e en 3e blomblaar vasgeheel.

Die daaropvlg 3 blomme word weer tussen 3e en 4e blomblaar van voorafgaande blom ingeheel.

Hekel 'n hele blom aan geronde punt van segment tussen 4e en 5e blomblaar van 5e blom en hekel dit s6:



UURTJIES



VIR DIE KOFFIETAFEL

foto: Janek Szymanowski

Begin met 9 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: (2-dsl-tr en 4 ks) 9 keer.

2e rondte: (1 kb, 3 lb, 1 kb) in elke sp.

BLOM MET 2 BLARE: Begin, 1e en 2e rondte: Soos vir middelste blom.

3e rondte: 1 kb, 3 lb in elke 4-ks-sp van vorige rondte.

BLAAR: Hekel 13 ks en begin in 2e ks vanaf hekelpen met 1 kb, 3 lb, 3 dsl, 3 lb, 2 kb, 3 ks; herh oor tweede kant van basisry.

AFWERKING: Werk middelste blom en omranding se halwe blomme aan segmente vas, daarna hele blomme aan punte van segmente.

Hekel 'n ry ks vir steeltjie van blom met 2 blare wat aan 5e halwe blom vasgehekel word.

Vir voeler van vlinder hekel 'n ry ks en maak 'n knoppie van 3 ks aan punt van elke voeler. Werk vas met naald en garing.

VIR DIE KOFFIETAFEL

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g beige Pingouin Nr. 5, staalhekelpen van 1,75 mm.

MATE: Ongeveer 75 x 42 cm.

SPANNING: 38 ste en 11,5 rye = 10 x 10 cm oor middelstuk.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; st(e) - steek(steke); tr - trossie (= 1 dsl maar hou laaste lus op pen, 1 dsl, hou laaste lus op pen, garing oor hekelpen, en trek deur albei lusse); lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; herh - herhaal; p - picot

(= 3 kettingsteke en 1 kb in 1e kettingsteek); vlg - volgende; grh - garing rondom hekelpen; sluit-gs - glipsteek om rondte te sluit; sp(s) - spatie(spasies); osk - oop skulp (= trossie van 2 dubbelslagsteke, 2 kettingsteke, 2 dubbelslagsteektrossie, alles in dieselfde spatie).

L.W.: 3 ks vervang 1 lb en 4 ks vervang 1 dsl aan begin van 'n rondte.

MIDDELSTUK: Hekel 61 ks.

1e ry: 3 ks, 1 lb in 5e ks vanaf hekelpen, 1 lb in elk van vlg 59 ks, 3 ks, draai.

2e ry: 3 lb, (3 ks, slaan 2 ste oor, 1 kb, 3 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb) 9 keer, eindig met 4 lb, 3 ks, draai.

3e ry: 3 lb, * 5 ks, slaan (3 ks, 1 kb, 3 ks) oor en hekel 1 lb in vlg lb; herh van * tot * nog 8 keer, 4 lb in 4 lb, 3 ks, draai.

4e tot 57e ry: Herh 2e en 3e ry.

58e ry: 3 lb in vlg 3 lb van rand, * 2 ks, 1 lb in 3e van 5 ks, 2 ks, 1 lb in lb; herh van * tot 2e rand, 4 lb, 3 ks, draai.

59e ry: 1 lb in elke st tot ejnde.

OMRANDING: **1e rondte:** 8 ks (= 3 ks vir 1e lb en 5 ks vir hoek), 1 lb in dieselfde st as 1e van 8 ks, * 2 ks, slaan sykant van 1 lb oor, 1 lb in sykant van basis van vlg lb; herh tot vlg hoek; vir elke hoek hekel (1 lb, 5 ks, 1 lb) in punt van hoek; hekel dan weer voort soos van * tot * rondom, eindig met 2 ks, gs in 3e van 8 begin-ks.

2e rondte: In hoek-sp hekel: * (1 osk, 5 ks) 2 keer, 1 osk, 2 ks; slaan 1 sp oor *, ** (3 kb in vlg sp, slaan 1 sp oor, 4 ks) 3 keer, 3 kb, 2 ks, slaan 1 sp oor; (1 osk, 5 ks, 1 osk) in vlg sp, 2 ks slaan 1 sp oor **, herh van ** tot ** vir elke sykant en van * tot * vir elke hoek, eindig met sluit-gs.

3e rondte: * (osk in osk, 2 ks, 8 dsl in 5-ks-sp, 2 ks) 2 keer, osk in vlg osk, 2 ks *, **

(1 kb in 4-ks-sp, 7 ks) 2 keer, 1 kb in 4-ks-sp, 2 ks, osk in vlg osk, 2 ks, 8 dsl in 5-ks-sp, 2 ks, osk in osk, 2 ks **, herh van ** tot ** vir elke lang kant en van * tot * vir elke hoek.

4e rondte: * osk in osk, 2 ks, (1 dsl in dsl, 1 ks) 7 keer, 1 dsl in laaste dsl, 3 ks, osk in osk, 3 ks, (1 dsl in dsl, 1 ks) 7 keer, 1 dsl in laaste dsl, 2 ks, osk in osk, 3 ks; ** 1 kb in 7-ks-sp, 7 ks, 1 kb in vlg 7-ks-sp, 3 ks; osk in osk, 2 ks, (1 dsl, 1 ks) 7 keer, 1 dsl in laaste dsl, 2 ks, osk in osk, 3 ks **, herh van ** tot ** vir elke sykant en van * tot ** vir elke hoek.

5e rondte: osk in osk, 3 ks, * (1 dsl-tr in 1-ks-sp, 2 ks) 6 keer, 1 dsl in laaste 1-ks-sp, 3 ks *, (1 dsl-tr in osk, 3 ks, 1 dsl-tr in dieselfde osk vir hoek), 3 ks; herh van * tot * een keer, osk in osk, 4 ks; ** 1 kb in 7-ks-sp, 4 ks, osk in osk, 3 ks, herh van * tot * een keer, osk in osk, 4 ks **, herh van ** tot ** vir sykante en van * tot ** vir hoeke.

6e rondte: * osk in osk, 4 ks, (1 kb in vlg 2-ks-sp, 2 ks) 5 keer, 1 kb in laaste 2-ks-sp, 4 ks, 1 osk in 3-ks-sp, 1 ks, 1 picot, 2 ks *, herh van * een keer, maar plaas eerste osk in dieselfde osk as begin-osk, om hoek te vorm; herh van * tot *, hekel altyd osk in osk, maar vir elke hoek 2 osk in dieselfde osk soos uiteengesit.

7e rondte: osk in osk, 5 ks, (1 dsl-tr in 2-ks-sp, 2 ks) 4 keer, 1 dsl-tr in laaste 2-ks-sp, 5 ks *, osk in osk *, 9 ks vir hoek; herh van * tot * maar hekel 5 ks tussen elke 2 pyn-appelmotiewe vir sykante en 9 ks vir elke hoek.

8e rondte: * osk in osk, 5 ks, (1 kb in vlg 2-ks-sp, 2 ks) 3 keer, 1 kb in laaste 2-ks-sp, 5 ks, osk in osk, 2 ks *, 12 dsl in 9-ks-sp, 2 ks, vir hoek; ** herh van * tot *, 7 dsl in 5-ks-sp, 2 ks **, herh van ** tot ** vir sykante en van * tot ** vir hoeke. NA BLADSY 149

KABELS OF KONTRAS

VAN BLADSY 62

van * tot laaste 6 ste, (r 1, aw 1) 3 keer.

9e tot 12e ry: Herh 7e en 8e ry twee keer.

Herh daarna 1e tot 6e ry een keer.

Brei voort in patroon F.

1e ry: Brei regs.

2e ry: Brei aweregs.

3e ry: r 3, * mb soos volg: (aw 1, r 1, aw 1) in die vlg st, draai, r 3, draai, aw 3, draai, r 1, r 2 tes, draai, aw 2 tes, r 5; herh van * tot laaste 4 ste, mb, r 3.

4e tot 10e ry: Beg met 'n aw-ry, brei koussteek.

11e ry: r 6, (mb, r 5) tot laaste 7 ste, mb, r 6.

12e tot 16e ry: Beg met 'n aw-ry, brei ks.

Herh 1e tot 14e ry nog een keer, vermin 0(2) ste in laaste ry — 103(113) ste. **

Brei nou 30 rye in patroon A.

Die werk behoort nou ongeveer 59 cm lank te wees.

Skouervorming: Heg 25(28) ste af aan beg van vlg 2 rye.

Plaas oorbl 53(57) ste op 'n reserwenaald.

VOORPANT: Soos agterpant tot **.

Halsvorming: Brei voort in patroon A.

Vlg ry: aw 6, (r 1, aw 9) 3 keer, r 1, aw 3(7), draai en brei voort op hierdie 40(44) ste.

Vermin 1 st aan halsrand in elke ry tot 25(28) ste oorbly.

Brei reguit voort tot werk so lank is soos agterpant tot skouer, eindig na 'n VK-ry. Heg af.

Met RK voor, glip middelste 23(25) ste op 'n reserwenaald, heg garing aan oorbl steke vas.

Vlg ry: aw 3(7), r 1, (aw 9, r 1) 3 keer, aw 6.

Voltooi om met eerste kant ooreen te stem, al die vormings omgekeerd.

MOUE: Met 3,25-mm-breinaalde stel 44 ste op en brei 5 cm rif.

Vlg ry: aw 3, (tel lus voor vlg st op en aw in agterkant daarvan, aw 1) 39 keer, aw 2 — 83 ste.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 24 rye in patroon A, vermin 2 ste in laaste ry — 81 ste.

Brei 22 rye in patroon B, vermeer 4 ste eweredig gespasieer in laaste ry — 85 ste.

Brei 24 rye in patroon C, vermin 2 ste in laaste ry — 83 ste.

Brei 30 rye in patroon D, vermin 4 ste eweredig gespasieer in laaste ry — 79 ste.

Brei 18 rye in patroon E, daarna 8 rye in patroon F.

Die mou behoort nou ongeveer 43 cm lank te wees. Heg af.

Halsstrook: Werk regterskouernaat toe. Met 3,25-mm-breinaalde en RK voor, tel op en r 26 ste af oor linkervoorpantrand, r middelvoor-st, tel op en r 26 ste oor regterhalsrand van voorpant, r middelagter-ste. Brei 7 rye rif. Heg af in rif.

AFWERKING: Pars volgens aanwysings op papierbandjie van verpakking. Werk linkerskouernaat en halsstrooknaat toe. Werk moue in mousgate vas. Werk sy- en mounate toe.

VIR LEDIGE UURTJIES

VAN BLADSY 111

9e rondte: * osk in osk, 4 ks, (dsl-tr in 2-ks-sp, 2 ks) 2 keer, dsl-tr in laaste 2-ks-sp, 4 ks *; osk in osk, 2 ks, (1 dsl in dsl, 1 ks) 11 keer, 1 dsl in laaste dsl, 2 ks; ** herh van * tot * 1 keer, osk in osk, 2 ks, (dsl in vlg dsl, 1 ks) 7 keer, 2 ks; herh van ** tot einde vir sykante en van * tot ** vir hoeke.

10e rondte: * osk in osk, 4 ks, 1 kb in 2-ks-sp, 2 ks, 1 kb in vlg 2-ks-sp, 4 ks, osk in osk, 2 ks, (1 dsl, 3-ks-picot, 1 ks) 11 keer, 1 dsl in laaste dsl, 2 ks, osk in osk, ** 4 ks, kb in 2-ks-sp, 2 ks, 1 kb in vlg 2-ks-sp, 4 ks, osk in osk, 2 ks, (dsl in dsl, 3-ks-picot, 1 ks) 6 keer, 1 dsl in laaste dsl, 2 ks, osk in osk **; herh van ** tot ** vir sykante en van * tot ** vir elke hoek.

11e rondte: * osk in osk, 3 ks, dsl-tr in 2-ks-sp, 3 ks, osk in osk, 3 ks, (1 lb in dsl, 3-ks-picot, 1 ks) 11 keer, 1 lb in laaste dsl, 3 ks, osk in osk, ** 3 ks, dsl-tr in 2-ks-sp, 3 ks, osk in osk, 2 ks, (1 lb in dsl, 3-ks-picot, 1 ks) 6 keer, 1 lb in laaste dsl, 2 ks, osk in osk **.

Herh van ** tot einde vir sykante en van * tot ** vir elke hoek.

12e rondte: L.W.: In hierdie rondte moet vir elke osk (een 3-ks-picot, 1 ks) in plaas van 2 ks tussen die dsl-tr van osk gehekel word; elke osk in hierdie rondte bestaan dus uit (2-dsl-tr, 3-ks-picot, 1 ks, 2-dsl-tr). Dus * osk in osk, osk in vlg osk, 5 ks, (1 lb in lb, 5 ks) 11 keer, 1 lb in laaste lb, 5 ks, osk in osk; ** osk in vlg osk, 5 ks, (1 lb in lb, 5 ks) 7 keer, osk in osk **.

Herh van ** tot ** vir elke sykant en van * tot ** vir elke hoek. Knip garing af en werk netjies af.

SLEEP & SLIM

DIS TYD OM DIE VETTE EN NIE DIE FEITE, TE BEVEG!

NUUT!
Nou 'n 5-Ster
Verslankingskursus

EET VYFKEER PER DAG . . . EN DIE VET BLY EENVOUDIG WEGSMELT

U gaan sê, Nooit . . . dit kan nie waar wees nie. Ons antwoord: Ja, dit is absoluut waar, indien u "Nuwe Sleep & Slim" gebruik. Nuwe Sleep & Slim kursus maak verslanking nou ook 'n **nuwe ervaring**. U geniet nog drie volle maaltye en ook snoeperye twee keer per dag.

SENSASIONEEL!! Met Nuwe Sleep & Slim hoef u nie: • Honger te ly nie. U kan tot vyf keer per dag eet. • Moordende oefeninge te doen nie. • Salonne te besoek nie. • Langer oorgewig te wees nie.

Wat Nuwe Sleep & Slim vir u doen: • Waarborg u 'n nuwe slanker figuur.

• Dit werk gedurende die dag en ook nog wanneer u slaap. • Werk vinnig en veilig. • Die kapsules bevat geen verdowings- of dwelmmiddels nie. Dis absoluut skadeloos. • Voorkom dat vet dalk u gesondheid, huwelik of sosiale lewe bedreig.

Lees wat sê Mev C.L. Hauptfleisch van SWA: "Waarde Heer, Stuur asseblief aan my man ook 'n kursus Sleep & Slim. 'n Deposito van R4,00 is hierby ingesluit, die balans sal K.B.A betaal word. My man is so beïndruk met wat Sleep & Slim aan my gedoen het, dat hy nou ook wil verslank. Voordat ek my Sleep & Slim kursus begin het, het ek 'n nr. 40 rok gedra, nou na slegs 4 weke se gebruik, pas 'n nr. 36 rok my. My man sê ek lyk 'n ander mens, en ek voel werklik wonderlik, die vet het eenvoudig weggesmelt. Sleep & Slim is die beste kursus wat ek not ooit gebruik het. Alle sukses."

HIERDIE KURSUS IS ABSOLUUT VEILIG! Dit bevat 'n gebalanseerde eetplan wat energie-inname beheer en voldoen aan die Departement van Gesondheid se vereistes, asook aanvullende kapsules genoegsaam vir 30 dae.



WAARBORG

Nuwe Sleep & Slim word gewaarborg om u massa te verminder. Indien u sou vind dat na gebruik van die 30-dae kursus u nie gewig verloor het nie, stuur ons 'n GRATIS opvolgkursus aan u.



WEES SLANK . . . LEEF LANK!

Aan: "SLEEP & SLIM", Posbus 422, NIGEL 1490. (H.F. Verwoerdstraat Arcade)

Stuur my asseblief dadelik u 30-dae kursus van Nuwe Sleep & Slim, waarvoor ek R18,00 (insluitend AVB) hierby ingesluit. OF Ingeslote vind u R4,00 deposito, die balans van R14,00 sal deur my KBA betaal word. (AVB reeds by prys ingesluit).

Naam

Adres

Poskode

BESTEL DEUR TeleORDER

SPOEDDIENS
SKAKEL JHB(011)
739-5115

**7 DAE PER WEEK
24 UUR PER DAG
TeleORDER
ONS DIEN DIE NASIE**